

REEVES, M, 1980:

Why History? London: Longman (Sagte band).

Prys R7,45, pp. 151

Hierdie boek getuig van die skryfster se kundigheid wat sy oor jare opgebou het met die onderrig van Geskiedenis. Die groot waarde van die boek lê veral in die geweldige hoeveelheid konkrete voorbeelde wat die skryfster aanwend om haar argumente te staaf. Daarby vertrek sy van die kind se ervaringswêreld in die eksposisie van elke mens se "historiese ervaring". Spel, dramatisering, uitbou van die kind se verbeeldingskrag en dies meer vorm die aanknopingspunt om die kind eerder tematies as chronologies na verre lande te voer.

Reeves glo dat deur die studie van die partikuliere kom die mens werklik tot 'n begrip van die funksionering van die ganse kosmos. In die proses het sy eintlik een van die mees treffende verdedigings gelewer van Geskiedenis as 'n **sui generis** wetenskap. Die een enkele leemte is myns insiens dat sy nie **ook** die veralgemenings van die sosiale wetenskappe betrek in juis die uitbou van die eie aard van Geskiedenis nie. Per slot van sake lê die vormingsappèl van Geskiedenis primêr in die wisselwerking tussen universele begrippe soos gesag, burgerskap, vrees, oorlog en so meer en 'n besondere toepassing daarvan.

Ook oor evaluering en kurrikulumbeplanning op laer- en hoërskool dink Reeves kreatief en gee sy blyk van haar insig in dit wat Geskiedenis werklik is. Die boek bevat ook 'n insiggewende lys van praktiese riglyne en bronne wat geraadpleeg kan word.

Hierdie boek word ten sterkte vir elke Geskiedenis-onderwyser en Vakdidaktiekdosent aanbeveel.

MH TRÜMPELMANN